



OPROEP VIR AANSOEKE: SUBKOMITEE A BEFONDSING VIR DIE NAVORSINGSPROJEKTE VAN NUUT AANGESTELDE PERSONEELLEDE

A. Wie mag aansoek doen?

Nuut aangestelde voltydse personeel van die Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Krygskunde, **wat in die afgelope 12 maande aangestel is of binnekort aangestel gaan word**, mag aansoek doen. Personeel uit die ondersteuningsafdelings mag ook aansoek doen. Hoewel aansoeke ingedien kan word deur beide permanente en kontrakpersoneel, geniet aansoeke deur permanente personeel voorkeur. Aansoeke deur kontrakpersoneel sal slegs oorweeg word indien die relevante dekaan bevestig dat die betrokke departement die kandidaat ingesluit het op die personeelplan, met die bedoeling om die kandidaat permanent aan te stel aan die einde van sy/haar kontrak.

B. Befondsing van navorsingsprojekte

'n Navorsingsprojek behoort deel te vorm van die aansoeker se navorsingsprogram. Die omvang van die projek behoort sodanig te wees dat dit binne een jaar afgehandel kan word. 'n Navorsingsprogram is tipies gerig op kennisverwerwing en probleemoplossing ten opsigte van 'n *breë navorsingstema of – probleem*. Die program kan bestaan uit 'n aantal *samehangende navorsingsprojekte* wat planmatig gestruktureer en oor 'n langer periode geskeduleer word ten einde die breë probleem gedeeltelik of in die geheel op te los. Die spesifieke doel van hierdie befondsingsgeleentheid is om nuut aangestelde personeel die geleentheid te bied om hul navorsing aan die US te vestig.

C. Termyn

Die befondsing sal beskikbaar gestel word sodra dit toegeken word en kan vir 'n maksimum van een jaar oorgedra word.

D. Maatstawwe

Aansoeke sal oorweeg word aan die hand van:

1. FORMELE VEREISTES

- 1.1 Is al die tersaaklike inligting, soos op die voorgestelde aansoekvorm gevra, beskikbaar gestel?
- 1.2 Het die departementele voorsitter of sy/haar gedelegeerde 'n aanbeveling gedoen?

2. SUBSTANTIEWE KRITERIA

2.1 Navorsingsrekord van aansoeker:

Beskik die aansoeker/(s) oor 'n nasionale/internasionale navorsingsrekord? (Kwantiteit, sowel as kwaliteit van navorsingsuitsette sal in berekening gebring word by die evaluasie van 'n aansoeker/(s) se navorsingsrekord.) Is die aansoeker 'n NNS-geëvalueerde?

2.2 Wetenskaplike gehalte van aansoek:

Is die voorgestelde navorsingsprojek van hoogstaande gehalte? (Is die probleemstelling duidelik; hoe sinvol is die *doelstellings*; is die *metodologie* die mees toepaslike; wat is die *waarde* van die ondersoek vir die veld van die studie en is die projek haalbaar; watter navorsingsuitsette word in die vooruitsig gestel?)

2.3 Navorsingskapasiteitsbou in die aansoek

Dra die projek by tot die ontwikkeling van navorsingsvermoëns by jong navorsers?

3. WENSLIKHEIDSKRITERIA

In gevalle waar goeie aansoeke sterk meeding om beperkte fondse sal die volgende addisionele kriteria in berekening gebring word in die neem van 'n finale besluit:

- 3.1 Sal die navorsingsprojek streeks- en nasionale navorsingsamewerking bevorder?
- 3.2 Sal die navorsingsprojek voordeel meebring vir die Universiteit, die plaaslike of nasionale gemeenskap?
- 3.3 Sal die navorsingsprojek ander bronne van befondsing ontgin, waar beskikbaar?

E. Toekenning van fondse

Die toekenning van fondse aan aansoekers/projekte wat aan bogenoemde kriteria voldoen, is onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse. Die maksimum toekenningsbedrag sal op die ANO webwerf gepubliseer word. Die komitee behou die reg voor om 'n gedeeltelike toekenning of geen toekenning te doen nie selfs al word die aansoek as steunbaar beskou.

F. Riglyne vir voornemende aansoekers

1. Die *vorm* waarop aansoek gedoen moet word, is *per e-pos* beskikbaar – kontak Malene Fouché (mfouche@sun.ac.za; x4622), asook op die webblad van die Afdeling Navorsingsontwikkeling. Dit moet as 'n getekende harde kopie of in pdf-formaat ingelewer word (kamer 2048A, RW Wilcocks-gebou).
2. Die subkomitee behandel navorsingsbegrotings met 'n mate van soepelheid, d.w.s. daar is slegs breë *riglyne* waarbinne toekennings vir navorsingsprojekte gemaak sal word. Dit staan aansoekers vry om die spesifieke behoeftes vir 'n bepaalde projek te spesifiseer.
3. Die 'belegging' van navorsingsfondse sal aan die einde van die betrokke termyn aan die hand van 'n finale verslag geëvalueer word.
4. Slegs *een* navorsingsprojek per navorser kan vir dieselfde periode befonds word. Aansoekers wat tans befondsing ter ondersteuning van hulle NRF Thuthuka toekennings ontvang, is dus uitgesluit van hierdie oproep.

G. Toekenningsprosedures en -prioriteite

Navorsingssubkomitee A verwerk alle aansoeke volgens 'n vasgestelde prosedure. Beoordelaars word sover moontlik binne die geledere van die komitee aangewys, maar normaalweg nie uit dieselfde departement as die aansoeker nie. Beoordelaars mag enige kundiges raadpleeg in die beoordeling van 'n aansoek. Beoordelaars doen 'n aanbeveling aan die komitee, maar die finale besluit word deur die volle komitee geneem. Komitee lede moet enige konflik van belange verklaar. Aansoeke word in een van drie kategorieë geplaas: steunbaar, steunbaar met geringe wysigings of nie steunbaar nie. In laasgenoemde twee gevalle word terugvoer aan die aansoeker gegee met die oog daarop om die aansoeker in staat te stel om in die toekoms 'n steunbare aansoek in te lewer.

H. Sluitingsdatum

Die volgende sluitingsdatum sal op die ANO-webwerf aangedui word. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie. Die komitee het beperkte fondse beskikbaar om hierdie aansoeke te ondersteun. Sodra die beskikbare fondse uitgeput is, sal die oproep vir die res van die jaar gesluit word.